

Kortverhaal: Die ystervarke se skrikmaakspeletjies - Leesboek, bl. 96

Memorandum - Die projek gaan vir assessering gebruik word, en ons sal weer in die klas daardeur gaan.

Begripstoets: 1 Junie 2020

Lees die onderstaande gedeelte goed deur en beantwoord die vrae wat daarop volg in jou Afrikaanse Oefenboek, of op 'n blaai.

Ciske sit nou al 'n week in die klas en is nog altyd die orige jukskei. Hy doen sy werk redelik, maar vermy omgang met die ander seuns. Tuis is hy tog geen jandooi nie. Dis altans die minste wat jy uit sy moeder se verhaal kon aflei. Maar op skool is hy teruggetrokke. Op die laaste oomblik kom hy die klaskamer binne, glip in sy bank en sit dan stil voor hom en kyk sonder om deel te neem aan die gewone rumoer voor die les begin.

Beskroomd is hy egter nie. Dit het Jantjie Verkerk al ondervind. Aan die einde van 'n lesuur moes hy die oefeningboeke bymeekaarmaak. Met sy gewone skoorsoekerigheid wou hy die Rot s'n neem terwyl dié nog besig was. Ek het die speletjie 'n bietjie te lank laat begaan. Want toe Jantjie die boeke gryp, het daar 'n bepaalde wrede uitdrukking in Ciske se gesig gekom, en eer ek dit kon verhoed, het Jantjie 'n netjiese gemikte vuishou in sy maag gekry. Dit was nie 'n geval van plot-selinge drif nie, maar 'n kalme, oordeelkundige opstopper van iemand wat vasbeslote is om iedere bemoeiing met sy private sake onmiddellik die nek in te slaan. Jantjie Verkerk het die oefening- boeke laat val en na sy asem gesnak. Ek het die Rot 'n halfuur in die hoek laat staan. Dit kon net so goed vyf minute of twee uur gewees het, want dit het nie die geringste indruk op hom gemaak nie.

Die ander kinders beskou hom nog as 'n indringer. Hulle weet nie wat hulle aan hom het nie; daarom laat hulle hom met rus. Van sy kant probeer die Rot nie die minste om maats te maak nie. Hy negeer sy klasmaats hooghartig en bal sy vuiste as hulle te na aan hom wil kom.

1.1 Wat is die Rot se naam?

1.2 Watter karaktertrek van Jantjie het hom 'n vuishou besorg?

1.3 Skryf drie (3) woorde uit die leesstuk neer wat aandui dat Ciske sy vuiste al dikwels vantevore gebruik het.

1.4 Skryf 'n karaktereienskap van Ciske in die eerste paragraaf neer. (1)

1.5 Hoe weet jy dat Ciske hard geslaan het? (1)

1.6 Skryf die letter van die korrekte antwoord.

1.6.1 Om iets die nek in te slaan, beteken ...

A. om jou vyand teen die nek te tref.

B. om 'n einde aan iets te maak.

C. om iemand om sy nek te gryp.

D. om die persoon ernstig te waarsku.

1.6.2 Iemand is 'n orige jukskei wanneer ...

- A. hy orig en baie laf is.
- B. hy 'n reserwe is.
- C. hy in die pad is, onnodig is.
- D. hy outyds en konserwatief is.

1.6.3 Hulle weet nie wat hulle aan hom het nie, beteken ...

- A. hulle weet nie waar hulle met hom staan nie.
- B. hulle aanvaar hom nie.
- C. hulle vertrou hom nie volkome nie.
- D. hulle hou nie van Ciske nie.

1.7 Beantwoord die volgende vraag in 'n VOLSIN.

Waarom, dink jy, het Ciske altyd op die laaste oomblik die klaskamer binnegekam?

1.8 Vervang die onderstreepte woord in die leesstuk met 'n woord met dieselfde betekenis.

... eer ek dit kon verhoed, ...

(10)

VRAAG 2

Bestudeer die volgende visuele teks en beantwoord die vrae wat daarop volg



- 2.1 **Op watter dag is die klas beskadig?**
- 2.2 **Hoeveel kinders is daar in die graad?**
- 2.3 **Waarvan het die kinders geleer voordat die klas beskadig is?**
- 2.4 **Waaruit lei jy af dat die skool omgewingsbewus was?**
- 2.5 **Na watter stel boeke sou die onderwyser volgende kyk?**

(5)

